VOORSKRIFTE AAN SKRYWERS

1. Redaksionele beleid

Stilet is die amptelike lyfblad van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV). Die tydskrif word geheel gewy aan die wetenskaplike studie van die Afrikaanse literatuur in die vorm van navorsingsartikels, literêre analises, kommentaar oor aktuele literêre vraagstukke en ALV-kongresreferate.

'n Stelsel van roterende gasredakteurskappe op uitnodiging van die Eindredaksie word gevolg om 'n oop forum aan uiteenlopende standpunte en benaderingswyses te bied. Gasredakteurs mag dus navorsingsbydraes aanvra wat bepaalde literêr-beskoulike, tematiese of ander velde en invalshoeke betreffende (aspekte van) die Afrikaanse letterkunde of letterkundeonderrig dek. Gasredakteurs is verantwoordelik vir die keuringsproses volgens die voorgeskrewe prosedure. (Kyk punt 2 hierna.)

Skrywers kan ook artikelmanuskripte wat nie op bogenoemde wyse aangevra is nie, stuur aan:

Die Redakteur: *Stilet*
Departement Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Aucklandparkkampus
Posbus 524
Aucklandpark
2006

of, **liefs per e-pos**, aan die Eindredaksie by die e-posadres:

thysh@uj.ac.za (Dr. Thys Human: Redakteur)

Spesiale nommers van *Stilet* kan van tyd tot tyd deur die Eindredaksie en die ALV-bestuur uitgegee word.

2. Keuring

Alle bydraes word deur ten minste twee keurders op akademiese grond gekeur. Artikels wat elders in geakkrediteerde Suid-Afrikaanse tydskrifte verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie.

3. Formele vereistes

Taalmedium: Manuskripte kan in Afrikaans, Nederlands of Engels voorgelê word.

Die manuskrip, indien op papierkopié voorgelê, moet in A4-formaat wees, in dubbelspasiëring, met ruim kantlynspasies en slegs op een kant van die bladsy gedruk. Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Vier afskrifte moet aanvanklik ingedien word. Dis egter verkieslik dat artikels **slegs elektronies** (per e-pos) voorgelê word, taalversorg en finaal geredigeer.

Nadat die keurproses afgehandel is, en die outeur die kommentaar verwerk het, moet ’n rekenaarkopie (in ’n formaat en woordverwerkingsprogram soos met die betrokke gasredakteur of die Eindredaksie ooreengekom) van die manuskrip voorsien word.

Lengte: Alhoewel ’n langer artikel oorweeg sal word, word ± 5 000 woorde as algemene riglyn gestel.

Stylfasette:

- Die artikel moet voorsien word van ’n voorblad waarop slegs die titel van die artikel, en die outeur se naam, adres en professionele affiliasie verskyn. Die artikel self begin dan op die volgende bladsy met die titel en *abstract*.
- Die titel moet so kort en bondig moontlik wees. Genommerde opskrifte en subopskrifte moet met Arabiese syfers genommer word, byvoorbeeld 3 word gevolg deur 3.1, 3.1.1 en 3.1.1.1 (tot hoogstens die vierde vlak).
- Artikels moet verkieslik verdeel word in subparagrawe met gepaste opskrifte.
- Afkortings en akronieme in die normale teks is nie aanvaarbaar nie. Akronieme wat algemeen gebruik word, byvoorbeeld VSA, is egter aanvaarbaar.
- Kursivering word as aanduiding van beklemtoning, of van ’n woord of uitdrukking uit ’n ander taal, of van ’n boek- of bladtitel gebruik.
- Grafiese voorstellings, sketse, diagramme, tabelle moet reeds rekenaarmatig voorberei wees en deel vorm van die finale dokument.

4. Abstract

Alle artikels moet voorsien word van ’n taalversorgde *abstract* (’n opsomming in Engels) van nie langer as 150 woorde nie.

5. Bladgeld

Aangesien *Stilet* geakkrediteer is, word ’n bedrag van R100 / $20 per bladsy gehef. Die koste vir ’n artikel kan uit die verdienste op navorsingsuitsette verhaal word. *Outeurs dra dus nie self die koste van artikels nie*. Rekeninge word aan outeurs gestuur vir voorlegging aan die bestuur van die universiteit of ander instansie waar die outeur werksaam is.

6. Mede-outeurskap

Artikels wat voortspruit uit verhandelings of proefskrifte: Voor die voorlegging van die artikel moet die skrywer oorleg pleeg met die studieleier / promotor.

7. Verwysingsmetode

Die *verkorte Harvard-metode* van verwysing moet gebruik word. Verwysing in die teks word soos volg aangebring: Joubert (1997:224) of (Joubert, 1997:224). By verwysing na werke van Klassieke of Middeleeuse outeurs word die naam van die outeur, die Latynse / Griekse titel van die werk (kursief), en die boek, hoofstuk, paragraaf of reëlverwysing (in Arabiese syfers met punte tussenin) vermeld, byvoorbeeld:

Vergilius (Aeneïs 12.601); of
Cicero (de Officiis 1.13.2).

In die geval van aanhalings uit anonieme koerantberigte, resensies en dergelike word die verwysing byvoorbeeld soos volg (betreffende 'n koerantberig) gehanteer: "Net die opspraakwekkende in 'n roman … haal die voorblad" (Anoniem, 1992:8).

8. Voetnote / Aantekeninge

Die gebruik van voetnote / aantekeninge moet sover moontlik beperk word. As dit egter noodsaaklik is om van voetnote of aantekeninge gebruik te maak, dui die nommers daarvan op die tersaaklike bladsye aan en verstrek die volledige tekste van die voetnote / aantekeninge in numeriese volgorde voor die bibliografie aan die einde van die artikel.

9. Bibliografie

Bibliografiese besonderhede word in die literatuurlys verskaf, en nie by wyse van voetnote nie. Slegs werke waarna in die teks van die artikel self verwys word, moet in die literatuurlys opgeneem word en alfabeties gerangskik word, byvoorbeeld:

Anoniem. 1992. Roman wek opspraak. *Die Burger*, 16 Februarie:8.

Botha, Elize. 1987. Die hart is in die fees – 'n aspek van intertekstualiteit in die romans van Etienne Leroux. In: Malan, C.W. & Van Coller, H.P. (reds.). *Vanweë die onbewuste*. Pretoria: HAUM-literêr. 141-152.

C.A.W. 1992. Indrukwekkende debuut. *Die Volksblad*, 14 Maart.

Du Plooy, H.J.G. 1986. *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworth.

Pratt, Mary Louise. 1977. *Towards a speech act theory of literary discourse*. London: Indiana University Press.

Van Rensburg, F.I.J. 1989. Van Wyk Louw en sensuur. *Literator* 10(2), Augustus:30-44.

Van Zyl, Dorothea. 1993. Hennie Aucamp sê totsiens aan kabaret. *Die Burger*, 11 Mei:8.

10. Bladuitleg

- Titels van artikels en paragraafopskrifte in vetdruk (nie hoofletters nie, behalwe waar hoofletters noodsaaklik is). Titels van publikasies kursief.
- 'n Subtitel word deur 'n dubbelpunt of aandagstreep van die titel geskei, byvoorbeeld: **Die mutasie van feit tot fiksie: die gebruik van kodes in Jonkmanskas van Koos Prinsloo**.
- Opskrifte van paragrawe: nie hoofletters nie. Geen punt na opskrif nie.
- Na die opskrif van die eerste subparagraaf volg 'n spasie en die eerste paragraaf sonder inkeping. Tussen paragrawe word geen spasie oopgelaat nie, maar paragraafaanvange word ingekeep.

11. Menings en kopiereg

Menings wat in die artikels uitgespreek word, is telkens dié van die betrokke outeurs en word nie noodwendig deur die Gas- en / of Eindredaksie of die Afrikaanse Letterkundevereniging onderskryf nie. Kopiereg berus by die outeurs.

12. Bydraes, korrespondensie en intekengeld

Hierdie tydskrif verskyn twee keer per jaar en word onder lede van die Afrikaanse Letterkundevereniging versprei. Alle belangstellende indiwidue en instansies kan lid word teen R100 per jaar of gedeelte van 'n jaar, en dan alle *Stilet*-nommers van daardie jaargang asook die sesmaandelikse *ALV-Nuusbrief* ontvang. Inskrywingsvorms agterin. Enkelnommers van *Stilet* kan tans teen R50 elk aangeskaf word. Alle bydraes en korrespondensie kan gerig word aan:

Die Redakteur: *Stilet*
Departement Afrikaans
Universiteit van Johannesburg
Aucklandparkkampus
Posbus 524
Aucklandpark, 2006

Tel: (011) 559-2778
Faks: (011) 559-3061
E-posadres: thysh@uj.ac.za